

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Suid-Afrika, net soos die res van die wêreld, beleef tans 'n onderwyskrisis (Pretorius, 1991:59). Die leerbehoefteontploffing en gepaardgaande vraag na onderwys onderstreep die feit dat geen enkele vorm van onderwysvoorsiening daarin slaag om in al die leerbehoefte van die gemeenskap te voorsien nie (Pretorius, 1989:136). Die groot getalle vroeë skoolverlaters en die sogenaamde verlore geslag is verdere bewys dat almal nie binne die huidige stelsel van onderwysvoorsiening geakkommodeer word nie. Na raming is daar sowat vier miljoen Suid-Afrikaners wat nie by formele onderwys kan baat nie (Botha, 1991:44).

Dit is noodsaaklik dat onderwysvoorsiening breër as die tradisionele vorme gesien word (Kamper, 1986:1). Begrippe waardeur onderwysvoorsiening uitgebrei kan word, is byvoorbeeld "gemeenskapsgebaseerde strategieë, onderwys en leer as lewenslange proses, nie-formele onderwys, informele onderwys, onderwysnetwerk, kompensatoriese onderwys" (Pretorius, 1989:136). Volgens Potgieter (1987:31) kan gemeenskapsonderwys die gaping tussen skool en gemeenskap oorbrug, terwyl daar vir die totale leerbehoefte van die gemeenskap voorsiening gemaak word.

Die gemeenskapskollege as sentrum vir gemeenskapsonderwys vorm 'n integrale onderdeel van die infrastruktuur vir gemeenskapsonderwys (Pretorius, 1991:63). Olivier (1988:353) verwys na die rol wat tegniese kolleges kan speel in die voorsiening van gemeenskapsonderwys. Binne die konteks van die

optimale benutting van beskikbare hulpbronne blyk die omskepping van tegniese kolleges tot sentra vir gemeenskapsonderwys dus sinvol te wees.

Die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding besin reeds sedert 1990 oor strategieë om die tegniese kolleges verbonde aan dié departement te omskep in gemeenskapskolleges (Theron, 1990:90). Die proses is reeds in 'n mate geïmplementeer en prinsipale van hierdie kolleges lewer op gereelde basis verslag aan die departement in hierdie verband.

Daar is geen uitdruklike verwysing na tegniese kolleges in hierdie verband in die Witskrif vir Onderwys en Opleiding nie. Die beginsels van verdere onderwys en opleiding, lewenslange onderwys en na-skoolse onderwys word wel uitgelig met verwysing na die rol wat gemeenskapsleersentrums kan speel (RSA, 1995:31-33).

Dit is duidelik dat die prinsipaal van die tegniese kollege sentraal staan in hierdie proses. Suksesvolle implementering van gemeenskapsonderwys gaan byvoorbeeld bepaal word deur die doeltreffendheid van die prinsipaal om aspekte soos gemeenskapsbetrokkenheid te verseker, leerbehoefte te identifiseer en die nodige hulpbronne te identifiseer en te mobiliseer.

1.2 BEGRIPSBEPALING

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is dit nodig om die volgende relevante begrippe te omskryf:

1.2.1 Formele onderwys, nie-formele onderwys en informele onderwys

Die drie onderwysmodi word in die De Lange-verslag (RGN, 1981a:93) soos volg omskryf:

"Informele onderwys is onderwys wat in lewensituasies gegee word wat spontaan na vore tree, byvoorbeeld uit die omgang in die gesin, die buurtlewe en so meer."

"Formele onderwys is onderwys wat bepland verloop in erkende onderwyssituasies soos skole, kolleges, teknikons, universiteite, e.d.m.."

"Nie-formele onderwys is onderwys wat bepland en hoogs aanpasbaar verloop in inrigtings, organisasies en situasies wat buite die formele en informele onderwysvoorsiening val, byvoorbeeld indiensopleiding in die werksituasie."

Allen et al (1987:141-142) verwys na gemeenskapsonderwys in die Derde Wêreld in terme van die genoemde onderwysmodi:

Informele onderwys is 'n lewenslange proses waardeur elke individu houdings, waardes, vaardighede en kennis deur daaglikse ondervinding, opvoedkundige invloede en hulpbronne in die omgewing en massamedia bekom.

Formele onderwys word omskryf as die hiërargies gestruktureerde, chronologies gegradeerde onderwysstelsel wat strek van primêre skool tot universiteit. 'n Verskeidenheid van gespesialiseerde programme en instellings vir voltydse tegniese en professionele

opleiding word addisioneel tot algemene akademiese studies ingesluit.

Nie-formele onderwys vind plaas deur enige georganiseerde onderwysaktiwiteit buite die gevestigde formele stelsel wat bedoel om identifiseerbare kliënte en leerdoelwitte te bedien.

1.2.2 Loopbaan- en beroepsonderwys

Die RGN-verslag (1983:30,139) gebruik die terme loopbaan- en beroepsonderwys sinoniem.

Die doel met beroepsonderwys is in besonder die oriëntering, onderwys en voorbereiding van leerders volgens die behoeftes van die beroepswêreld sodat hulle produktief sal wees in die werksituasie (DNO, 1991:18).

1.2.3 Milieu-gestremdheid

Volgens Pretorius (1990:16) verwys milieu-gestremdheid na sosiale groeperinge in die samelewing wat kenmerke soos 'n lae ekonomiese status, 'n lae onderwyspeil, die beoefening van minderwaardige beroepe en werkloosheid, beperkte gemeenskapsbetrokkenheid en beperkte potensiaal vir opwaartse mobiliteit openbaar.

Die milieu-gestremde kind, aldus die RGN-verslag (1981a:85) is nie blootgestel aan die ervarings wat nodig is vir suksesvolle leer en vordering op skool nie, as gevolg van gedepriveerde sosio-ekonomiese en sub-kultuur-omstandighede.

1.2.4 Kompensatoriese onderwys

Kompensatoriese onderwys het ten doel om ongelykhede, tekortkominge en agterstande in die onderwys van bepaalde groepe in die gemeenskap reg te stel.

1.2.5 Gemeenskap

Na oorweging van verskeie definisies wys Pretorius (1990:8) daarop dat die begrip "gemeenskap" in die eerste plek op 'n geografiese aspek dui, naamlik die groepering van mense wat in 'n geografiese gebied saamwoon. Gemeenskap word dus gesien as 'n groep mense wat gemeenskaplike aktiwiteite, waardes, houdinge, belange en belewinge deel.

Die begrip gemeenskap het egter ook 'n sosio-betekenis wat dui op die interafhanklikheid tussen mense in verhouding tot mekaar, onderlinge betrokkenheid, deelgenootskap, kommunikasie en dinamiese interaksie tussen mense, saamlewe en saamwerk, ons-gevoelens, ens.

1.2.6 Gemeenskapsonderwys

Clark (1977:6) definieer gemeenskapsonderwys as "an operational philosophy of education and system for community development".

Volgens Nisbet et al (1980:1) dui gemeenskapsonderwys op 'n onderwysstruktuur waardeur die onderwys-, sosiale en rekreasie-behoeftes van die totale gemeenskap, volwassenes sowel as kinders, aangepak word terwyl Kowalski (1987:52) gemeenskapsonderwys sien as proses ('n metode om die gemeenskap te mobiliseer om behoeftes en probleme aan te spreek), *produk*

(werklike programme word geïmplementeer) en *filosofiese basis* wat waardes en rigting vir die skool en ander elemente in die gemeenskap verskaf om saam te werk.

Ten slotte word volstaan met die omvattende omskrywing van gemeenskapsonderwys deur Pretorius (1990:12) waarin gemeenskapsonderwys omskryf word as die proses waarin die onderwysvoorsieninge (dienste, programme, hulpbronne) van al die onderwysagente in 'n gemeenskap koöperatief en gekoördineerd (maksimaal) benut word, om in al die leerbehoefte van die lede van die gemeenskap te voorsien, om die gemeenskap te ontwikkel en om die probleme van die gemeenskap op te los.

1.2.7 Gemeenskapsontwikkeling

Daar is 'n noue verband tussen gemeenskapsonderwys en gemeenskapsontwikkeling. Clark (1977:6) verwys byvoorbeeld na gemeenskapsonderwys as 'n stelsel vir gemeenskapsontwikkeling. Volgens Nisbet et al (1980:108-109) is gemeenskapsontwikkeling 'n onderwysproses gebaseer op plaaslike probleemoplossing deur gesamentlike optrede wat gerig is op vrywilige verandering.

Fletcher (1989:51) beklemtoon die feit dat gemeenskapsontwikkeling 'n proses van self-help is wat begin met die identifisering en uitspreek van behoeftes en daarop gerig is dat die gemeenskap meer aanspreeklikheid en beheer aanvaar. In hierdie proses word onderwysaktiwiteite (gemeenskapsonderwys) betrek.

1.2.8 Lewenslange leer en lewenslange onderwys

Dit gaan in lewenslange leer en lewenslange onderwys oor die

voorsiening van georganiseerde leergeleentehede vir persone om regdeur hul lewens te kan leer (Ironside, 1989:15). Volgens Knapper & Cropley (1991:20) toon lewenslange leer die volgende kenmerke:

- Dit is doelbewus.
- Dit het 'n definitiewe doelwit en is nie gerig op vae veralgemenings nie.
- Die leerder het ten doel om dit wat hy geleer het vir 'n aansienlike periode te onthou.

1.2.9 Gemeenskapskollege

Verskillende benamings word gebruik om te verwys na die instellings wat gemeenskapsonderwys voorsien, byvoorbeeld *gemeenskapskollege* of *gemeenskapsleersentrum vir gemeenskaps-
onderwys*. Kamper (1987:2) sien die gemeenskapsleersentrum as 'n opvoedkundige inrigting wat (ideaal gesproke) onder die beheer staan van die plaaslike gemeenskap en wat sy eie gebou en/of reeds bestaande fasiliteite in die gemeenskap (veral dié van skole) gebruik om 'n hoogs aanpasbare onderwys- en opleidingsdiens te lewer wat afgestem is op die besondere behoeftes van die (lede van) die plaaslike gemeenskap.

Volgens die *National Investigation into Community Education* (NICE) het die term gemeenskapskollege betrekking op enige komprehensiewe onderwysinstelling waarvan dit die primêre doelstelling is om gemeenskapsonderwysprogramme aan persone wat nie meer skoolpligtig is nie, aan te bied. Onderwysprogramme strek van basiese geletterdheid tot tersiêre programme (NICE, 1994 : 7).

1.2.10 Tegniese kollege

'n Tegniese kollege is 'n inrigting vir naskoolse onderwys, onderrig en opleiding wat verskaf word met die oog op die uitoefening van 'n beroep of die ontwikkeling van 'n sosiale of ontspanningsvaardigheid (RSA, 1981:1336).

Onderwys aan tegniese kolleges is hoofsaaklik bedoel vir persone wat nie ingevolge die bepaling van een of ander wet aan skoolplig onderworpe is nie of daarvan vrygestel is (Williamson, 1992:17).

1.3 PROBLEEMSTELLING

Uit voorafgaande blyk dit dat die probleem van hierdie navorsing wentel rondom die volgende vrae:

- Watter riglyne kan neergelê word vir die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges?
- Wat behels die taak van die prinsipaal van die tegniese kollege met betrekking tot gemeenskapsonderwys?

1.4 DIE DOEL MET DIE NAVORSING

In hierdie navorsing sal gevolglik gepoog word:

- om te bepaal watter riglyne neergelê kan word vir die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, en
- om te bepaal wat die taak van die prinsipaal van die tegniese kollege met betrekking tot gemeenskapsonderwys is.

1.5 NAVORSINGSMETODE

1.5.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne sal gebruik word. Gegewens wat versamel is, sal oorweeg en geëvalueer word sodat tot sekere gevolgtrekkings gekom kan word. 'n DIALOG-soektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: "community education, community colleges, career education, non-formal education, adult education, technical colleges, co-ordination, communication".

Inligting wat uit die literatuurstudie verkry is, sal onder meer gebruik word om 'n vraelys met die oog op 'n empiriese ondersoek te ontwikkel.

1.5.2 Empiriese ondersoek

i) Die vraelys

Op grond van die literatuurstudie sal 'n vraelys ontwikkel word. Die doel met die vraelys is:

- om te bepaal hoe die prinsipaal sy taak as koördineerder van gemeenskapsonderwys sien
- om die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, soos ervaar deur prinsipale en lektore, vas te stel,
- om te bepaal wat die prinsipaal en lektore se houding teenoor gemeenskapsonderwys is.

ii) Populasie

As populasie word al die prinsipale (N = 24) sowel as die adjunkhoofde en afdelingshoofde van tegniese kolleges verbonde aan die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding gebruik.

iii) Statistiese tegniek

Die frekwensiepatroon van die response sal met behulp van die FREQ-prosedure van SAS (SAS-Institute, 1989) bepaal word. Die verskil in sienings van prinsipale en adjunk- en afdelingshoofde sal ontleed word deur die effekgroottes te bepaal.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling in hierdie ondersoek sien soos volg daaruit:

- Hoofstuk 1 : Oriëntering
- Hoofstuk 2 : Gemeenskapsonderwys - 'n oorsig
- Hoofstuk 3 : Gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege:
bestuursimplikasies
- Hoofstuk 4 : Empiriese ondersoek
- Hoofstuk 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings